# SONNIES FLITSE

Kwartaal 4 2024

## Tema vir 2025: Laat jou hande dien en jou hart liefhê. (Voorgestel deur Nico O'Neill)

Jong ouers raak vreeslik opgewonde wanneer hulle kindjie sy / haar eerste woord sê. Ons lees ook op talle plekke in die Bybel hoe belangrik ons woorde is. As taalonderwyser is woorde natúúrlik die plek waar ek op my gelukkigste is.

Die woorde wat ons gebruik, vorm die werklikheid waarin ons leef en het 'n groot invloed op ons en die mense met wie ons elke dag in aanraking kom. Die Amerikaanse skrywer, Tony Robbins, het gesê ons moet besef hoe woorde dit wat ons gló, vorm, maar dat dit ook 'n impak het op dit wat ons dóén.

Die woorde wat ons gebruik reflekteer ons waardes, norme en geloofsoortuigings en dit openbaar dikwels die waarheid oor wie ons is, selfs sonder dat ons dit agterkom. Ons woorde kan iemand inspireer of moed gee, maar dit kan ook die teenoorgestelde doen. Positiewe woorde verbeter ons kognitiewe funksie, (die manier waarop ons dink) wat dan lei tot beter besluitneming en 'n optimistiese ingesteldheid teenoor die lewe. Positiewe woorde lei ook tot verbintenisse tussen mense, 'n verstaan van mekaar, en empatie met ons medemens. Die krag van woorde is onmiskenbaar en is al duisende kere bewys.

Indien ons slegs op die twee werkwoorde van ons tema vir 2025 fokus, naamlik dien en liefhê het ons nie 'n woordeboek nodig nie, maar kan ons gaan uitvind wat in God se Woord staan oor hierdie twee woorde. Daar is etlike verse waarin die woorde dien en liefhê voorkom, maar ek wil graag die volgende twee uitsonder:
Spreuke 9:10 - Wysheid begin met die dien van die Here.
Matteus 22:37-39 - Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

Elkeen wat die Bybel lees en wat die Here liefhet, weet wat God van ons verwag - ons moet Hom dien en liefhê, maar ook ons naaste. Ons dien met ons hande en ons is lief met ons harte.
Die tema van 2025, Laat jou hande dien en jou hart liefhê, klink baie soos Jesus se woorde in Matteus 22. Woorde waarna elke Sonnie kan en móét strewe. Kom ons maak ons tema van 2025 'n leefstyl in die nuwe jaar wat om die draai vir ons wink!

Kom ons dien mekaar in liefde met ons dade én ons woorde en skep sodoende 'n beter wêreld vir onsself en elkeen met wie ons in aanraking kom.
Baie dankie aan Nico O'Neill, in graad 8, wat die tema voorgestel het, en ons weer kom herinner het aan dít wat vir elke Christen-gelowige allerbelangrik moet wees en bly. Mag 2025 'n jaar van opbouende woorde en liefdevolle dade vir elke Sonnie wees!



Juf. Petro Rudolph

# UITBLINKERS

Baie geluk aan ons Uitblinkers wat in kwartaal 4 in die voorportaal op ons Uitblinkersbord verskyn het. Ons is trots op elkeen van julle



PHOEBE ANN LEVEY



DE WET BRANDERS



JANESSA LE ROUX



DAMIAN SMIT



EBEN BOTHA




MIEKE STEENKAMP




RUAN BINNEMAN




KAHLAN DUVENAGE



TIMOTHY WEBER



ZETSKE VAN NIEKERK



KAYLIN MÖLLER



LORILIA DA ENCARNACAO

# SONNIES VANG VIS

Op 26 Oktober het Sonneveld Akademie weer 'n lekker hengelkompetisie gehou.

Dit is ons jaarlikse fondsinsameling asook net 'n lekker tyd om te kan wegbreek voor die laaste eksamen van die jaar begin.

Die weer was warm en hengelaars sowel as toeskouers moes hou en klou anders het die wind hulle en alles om hulle weggewaai. Soos dit maar gewoonlik gaan met 'n visvangdag, het sommige hengelaars lekker gevang en ander weer gesukkel om die visse te vang. Daar was wel heelwat visse wat uitgekom het die dag en ‘n hele paar hengelaars spog met 'n lekker vangs waar ander maar eerder so bietjie in die dam afgekoel het.

Sonnies sien uit na nog 'n lekker hengeljaar in 2025 met meer sulke lekker dae.

Baie dankie aan elke persoon wat gehelp het om die dag moontlik te maak
asook die borge vir die pryse.



Gerrit van Rooyen

# Graad 6-gemeenskapsprojek

Wat 'n voorreg om 'n artikel te kan doen oor ons Graad 6'e se gemeenskapsprojek.

In die derde kwartaal het Juffrou Hermien van Jaarsveld, ons Lewensvaardigheidonderwyser, vir my ouma gevra of sy kans sien om hande te vat met ons graad 6'e. Juffrou wou weet of Ouma ons gemeenskapsprojek kon help organiseer.

Vir Ouma was dit 'n groot eer en voorreg. Ek en Ouma geniet gemeenskapsprojekte en Ouma het dadelik ingestem.

Ons gemeenskapsprojek was 'n projek met 'n verskil. Ons het 'n Oupa-en-Ouma- oggend in kombinasie met ons Na Hartelus-produksie aangebied. Juffrou het gevra al die graad 6'e moet betrokke wees. Vir Juffrou was dit baie belangrik dat ons leerders tot ons volle potensiaal moet ontwikkel, nie net op akademiese, sport en kulturele gebied nie, maar ook as 'n jongmense wat omgee, wat uitreik en wat 'n verskil in die lewens van ander maak - in die geval ons oumas en oupas s'n.

Dit was vir my baie leersaam en lekker om direk saam met my maats, Mamma, Ouma en Juffrou te werk. Daar is 'n "WhatsApp-groep" gestig waarop Ouma en ons graad 6-mammas al die reëlings kon tref. Ouma het my en ons graad 6'e gou laat besef ons het mekaar en ons ouerbetrokkenheid nodig om van die projek 'n sukses te maak.



Ons het die inisiatief geneem, ‘n uitnodiging gemaak waarin ons al ons Sonneveld Akademie se grootouers uitgenooi het om ‘n gratis kontinentale ontbyt te kom geniet en na afloop van die ontbyt ook ons skoolrevue, Na Hartelus-produksie, te kyk. Dit was ‘n dag waarop ons graad 6’e ons dankbaarheid kon betoon vir die bydrae wat ons grootouers in ons lewens maak. Ons skakelbeampte het die uitnodiging op die D6 geplaas en die belangstelling het alle verwagtinge oortref.

Ons graad 6’e en ons mammas het hande gevat met Ouma en gewys ons Sonnies is omgeemense wat altyd ‘n verskil probeer maak. Met ons mammas se skenkings en bydraes kon Ouma seker maak die projek is ‘n groot sukes. O ja, daar was selfs ook ‘n pappa en oupa wat hard gewerk het om ons graad 6’e te help om ‘n verskil te maak met ons gemeenskapsprojek.

Skenkings het ingekom van 7 Oktober af en ons het lekker rondgehardloop. Dit was harde werk! Ons het al tydens die vakansie aan die dekor en beplanning gewerk. Ek het vir Mamma gevra of ons ook ‘n bederfpakkie vir ons onderwysers kon maak. Die Sonnies-personeel werk so hard en leer ons so mooi. Ek en Mamma het die oggend van die ontbyt die bederfpakkies in die personeelkamer gaan neersit vir hulle om te geniet.
Ons graad 6’e se mammas was reg agter die tafels gelaai met die heerlike eetgoed wat aan ons spesiale gaste bedien is. Dit het ons dag gemaak om die blydskap en opgewondenheid op ons onderwysers en oumas en oupas se gesigte te sien toe hulle die saal instap.

Dankie aan my graad 6-klasmaats, Ouma en Oupa, Mamma en Pappa, Sonnie en Juffrou Hermien vir die wonderlike voorreg om deel van hierdie mooi projek te kon wees.



Groete
Kaylee Deetlefs
Graad 6




WELKOM BY
SONNEVELD AKADEMIE
Na Hartelus










Graad 6
PS
GS
48
25
9
11
2SAM12


Graad 6
PS
GS
48
25
9
11
2SAM12








Na Hartelus




NA HARTELUS




NA HARTELUS




NA HARTELUS

# "SUKSESVOLLE DEELNAME AAN DIE SUID-AFRIKAANSE SKYFSKIETKAMPIOENSKAPPE: 'N REKORD EN MEDALJES"

Van 22 tot 26 September het 'n span talentvolle skuts deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse Skyfskietkampioenskappe wat in Nylstroom by Castle De Wildt plaasgevind het. Hierdie jaar se kampioenskappe het met 'n pragtige openingseremonie begin en afgesluit met 'n feestelike aand van prysuitdeling en 'n dinee.

In die pistoolkategorie het Kahlan Duvenage, Daniella Carter, Vaughn Dietrechsen, Damian Smit en Morné Lubbe die kompetisie aangedurf. Kahlan en Daniella se spanne het nie net sterk presteer nie, maar het ook medaljes in hul onderskeie kategorieë ontvang. Jan-Hendrik Venter en Deon Kok het die gewere aangevoer en het saam met die ander atlete 'n onvergeetlike ervaring beleef.

Wat die skuts van hierdie kampioenskappe gesamentlik geleer het, is dat harde werk en toewyding die sleutels is tot sukses. Skuts het dit op 'n baie praktiese manier beleef toe hulle die kans gekry het om teen topskuts van regoor die land te kon meeding. Kahlan het haar hard werk nie net met medaljes beloon nie, maar het ook 'n nuwe rekord vir haar ouderdomsgroep opgestel, wat haar 'n ekstra spesiale prestasie gebring het.

Damian Smit het ook sy persoonlike beste vir die jaar geskiet, wat die harde werk en afrigting van die span onderstreep. Al die skuts het die kans gehad om nie net hul vaardighede te toets nie, maar om waardevolle lesse oor samewerking en selfdissipline te leer. Die ondersteuning van hul families was vir die leerders van groot waarde, en dit het die atmosfeer van die kampioenskappe nog meer spesiaal gemaak. Mnr. Willem het as baanbeampte opgetree en Juf. Carina was ook teenwoordig om die span te ondersteun.

Hierdie kampioenskappe was 'n ongelooflike belewenis vir al die skuts, en die ervaring het hulle nie net as skuts nie, maar ook as mense laat groei. Die geleentheid om by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deel te neem, is iets wat hulle nie gou sal vergeet nie, en hulle kyk reeds uit na die volgende kans om hul vaardighede verder te toets en te verbeter.

Juf. Carina
Joubert






CASTLE DE WILDT
NOORDWES
ESSU
NGSSA






HUAWEI nova Y91







# Graad 7 – leerders se laaste groot avontuur

Op 18 Oktober 2024, het al die graad 7 – leerders op 'n onvergeetlike uitstappie gegaan na Cedar Junction Family Resort.
Die busrit alleen was 'n groot fees, met die musiek wat kliphard speel, onderwysers wat saam sing, en vriende wat lekker saam lag. Jy kon die opgewondenheid voel in die lug.

Party kinders het nog nie eens hul sakke neergesit nie, toe is van die kinders al in die swembad. Ons moes eers wag dat die lewensredders die glybane toets om te verseker dat hul veilig is. Daar was meer as genoeg aktiwiteite om ons die heeldag besig te hou. Een van die hoogtepunte was die glybane wat langs mekaar was. Dit het ure se pret verskaf aangesien almal mekaar uitgedaag het om te kyk wie kan die vinnigste by die glybaan afgaan.

Selfs die treintjie was kort-kort gepak met al die graad 7's en die onderwysers het 'n paar draaie saam met ons gevat. Die middagete kon nie gou genoeg kom nie. Maar soos hulle sê, "Magies vol ogies toe." Na middagete het die seuns besluit hulle wil bietjie werk aan hulle "tan" en het hulle die hele "deck" vol gelê.

Toe die seuns hoor hoe goedkoop die Switches is, het hulle nie net een of twee gekoop nie... Hulle het by die lapa aangekom met "sixpacks". Ons kon ons oë nie glo nie. Ons het lekker gelag toe Kaden van die swembad af terugkom en hy spog dat hy 'n tjoppie by die bure gekry het.

Dit was die ideale manier om ons laerskooljare mee af te sluit. 'n Dag vol pret, vriendskap en herinneringe. Daar sal altyd 'n spesiale plek wees in ons harte vir daardie dag.


Mia Croucamp

Brigette Weber

Denique Agenbag








# ‘N TYD OM TE GROET

**Volgens die skrywer van Prediker is daar ‘n tyd vir alles in die lewe... ook ‘n tyd om te groet.**

**So breek die tyd op 11 Oktober 2024 aan om die graad 12’s van 2024 se laaste skooldag af te sluit met ‘n voorbiddingsdiens gelei deur Ds. Daleen Lourens. Op hierdie oggend was dit die graad 1’s se voorreg om die matrieks sterkte vir die eindeksamen toe te wens. Die graad 1’s het ‘n kaartjie met wyshede aan elke matrikulant oorhandig. Hierdie graad 1’s sal die matriekgroep van 2035 wees en het ook by hierdie geleentheid ‘n paar wyse woorde aan die matrikulante oorgedra voordat hulle die matrieks bederf het.**

**Ds. Daleen Lourens se tydlose gebed uit Psalm 143 sal vir altyd diep in ons harte gekoester word. Die gebed is opgedra aan ons matriekgroep van 2024:**

- **Here, maak my die pad bekend wat ek moet gaan;**
- **Leer my om U welbehae te doen;**
- **Laat U Gees my lei.**

**Mag hierdie gebed ook in die toekoms vir elke matrikulant lewendig bly, want ons krag lê in die Here.**

**‘n Terugblik op 12 jaar se skoolervaringe het menige matrikulant en onderwyser emosioneel gelaat. Daar was egter nie tyd vir baie trane nie, want die matrieks is vroeg verskoon om te gaan LEER!**

**Baie sterkte aan elke matrikulant! Mag die toekoms en al die tye wat vir julle voorlê geseënd wees!**




Juf. Elmine Steenkamp (self ‘n ma van ‘n matrikulant én ‘n graad 1-mamma)








Liewe Gr 1:
Wees oop Kop
alles. Matriek kan
moeilik wees, min slaap
maar luister vir jou
mamma. Sy weet alles
sterkte vir jou skool
loopbaan
~ Abigaile



# Tot ons mekaar weer sien

Totsiens, vaarwel, wederom, sien jou en koebaai! Woorde van afskeid, maar ook in 'n mate woorde wat bevestig dat ons mekaar wel weer sal sien - al is dit nie môre of selfs oormôre nie. Woorde waarmee ons mense groet wat ons na aan die hart lê en wie se lewens verweef is met ons eie. Woorde waarmee ons, ons naaste familie groet. Woorde wat soms met 'n glimlag en 'n wuif van die hand, maar soms met 'n traan gesê word.

Dit is dan hier aan die einde van 2024 vir my 'n groot voorreg om hierdie woorde van afskeid, maar tog met die hoop op weersiens, namens die Sonnies-familie aan 'n paar Sonnies-onderwysers te rig. Juffroue Adéle, Hermien, Letitia en Margeaux, en menere Willem en Wikus verlaat ons aan die einde van hierdie jaar. Elkeen het op verskeie terreine, te veel om hier op te noem, 'n reuse bydrae gelewer en 'n groot verskil in ons almal se lewens gemaak. Dit sal ons altyd bybly. Ons weet dat 'n nuwe seisoen vir julle elkeen aangebreek het en daarom is dit met 'n glimlag, maar beslis ook 'n paar trane, dat ons julle net die allerbeste vir die toekoms toewens. Ons gaan julle so vreeslik mis!

In die wyse woorde van Winnie the Pooh, groet ons julle:

"How lucky I am to have something that makes saying goodbye so hard."



Juf. Petro Rudolph

# LEIERSKORPS VIR 2025 AANGEWYS

Sonneveld Akademie het ‘n pragtige nuwe leierskorps aangewys. Daar word gesê dat goeie leiers hulle krone vir voorskote verruil. Dit is baie waar en ons weet daar lê harde werk vir julle almal voor. Ons het volle vertroue in julle. Ons wens julle sterkte toe vir 2025! Mag julle help om Sonneveld Akademie na nuwe hoogtes te lei!



# LAERSKOOLLEIERS

















# HOËRSKOOLLEIERS












# Onderwysersdag

**DIE ATKV SE AMBROSIA TAK HET ONS ONNIES OP ONDERWYSERSDAG HEERLIK BEDERF. BAIE DANKIE!**






# Die Belangrike Rol van Onderwysers Vandag

IN ONS VINNIG VERANDERENDE WÊRELD IS ONDERWYSERS BAIE BELANGRIK. HULLE HELP ONS OM VOOR TE BEREI VIR DIE TOEKOMS DEUR VIR ONS MEER AS NET SKOOLWERK TE LEER. ONDERWYSERS HELP ONS OM NIE NET IN SKOOLWERK NIE, MAAR OOK AS MENSE TE GROEI. HULLE LEER ONS HOE OM KRITIES TE DINK EN DINGE GOED TE OORWEEG. HULLE HELP ONS OOK MET BELANGRIKE LEWENSVAARDIGHEDE SOOS OM SAAM TE WERK EN ANDER SE GEVOELENS TE VERSTAAN.

MET AL DIE NUWE TEGNOLOGIE IS ONDERWYSERS OOK DAAR OM ONS TE WYS HOE OM HIERDIE HULPMIDDELS REG TE GEBRUIK. HULLE HELP ONS OM SLIM MET TEGNOLOGIE TE WERK EN SEKER TE MAAK ONS GEBRUIK DIT OP 'N VERANTWOORDELIKE MANIER.

ONDERWYSERS LEER ONS OM RESPEK VIR ALMAL TE HÊ, MAAK NIE SAAK HOE VERSKILLEND ONS IS NIE. HULLE WYS ONS HOE BELANGRIK DIT IS OM ANDER SE KULTURE EN AGTERGRONDE TE VERSTAAN EN TE WAARDEER.

ONDERWYSERS IS DAN OOK NOG BERADERS OOK WAAR HULLE ONS BYSTAAN MET DINGE SOOS STRES OF ANDER PROBLEME. HULLE GEE RAAD OF LEI ONS NA MENSE WAT KAN HELP.

ONDERWYSERS INSPIREER ONS OM 'N VERSKIL IN DIE WÊRELD TE MAAK. HULLE MOEDIG ONS AAN OM NUUSKIERIG TE WEES EN ALTYD MEER TE WIL LEER. ONDERWYSERS DOEN BAIE MEER AS OM NET SKOOLWERK TE ONDERRIG. HULLE HELP ONS OM BETER MENSE TE WORD EN DIE WÊRELD BETER TE VERSTAAN. OM IN ONDERWYSERS TE BELÊ, BETEKEN ONS BELÊ IN 'N BETER TOEKOMS VIR ALMAL.



Maarten van Jaarseld

# Die Sonnies wens al ons Onnies 'n heerlike vakansie toe. Baie dankie vir alles in 2024!

























# HARDE WERK WORD BELOON

Sertifikate, trofees, toekennings, erekleure, pryse op pryse! Tydens Sonneveld Akademie se meriete-oggend en prestige-aand is ons leerders beloon vir hulle harde werk. Ons is baie trots op almal van julle. Die Sonnies is beslis uitblinkers!



**Junior Sonnevelder: Gerrit van Rooyen**



**Senior Sonnevelder: Lorilia da Encarnacao**

# SONNEVELD AKADEMIE MATRIEKAFSKEID 2024: GLANS, "GLAMOUR" EN GROOT "MOVES"

OP DIE AAND VAN 17 SEPTEMBER 2024, HET ONS GEWEET DAT HIERDIE JAAR SE MATRIEKAFSKEID 'N GELEENTHEID SAL WEES WAT ONS NIE SOMMER WEER SAL BELEEF NIE. ONS MATRIEKS HET OPGEDAAG SOOS BEROEMDES OP DIE ROOI TAPYT – PARTY MET MOTORS WAT SO DUUR IS, ONS VERMOED HUL OUERS SAL NOG 30 JAAR AFBETAAL. EEN VAN DIE LEERDERS HET ONS ASEM WEGGESLAAN TOE SY, GETROU AAN DIE 'GAAN-GROOT-OF-GAAN-HUIS-TOE-IDE', MET HAAR LORRIE IN DIESELFDE SKAKERING BLOU AS HAAR PRAGTIGE ROK OPGEDAAG HET. EEN VAN DIE LEERDERS HET SELFS DIE ROOITAPYT AFGESTAP MET DRIE FRISGEBOUDE, AANTREKLIKE WAGTE AGTER HAAR.

BINNE WAS DIE DEKOR OP SY BESTE – DINK AAN 'N SPROKIESWÊRELD MET LIGGIES ORAL - ALICE IN WONDERLAND GEÏNSPIREERD. DIE DAMES HET GELYK SOOS PRINSESSE IN HUL ROKKE EN DIE MANNE SOOS GEHEIMSINNIGE JAMES BOND-KARAKTERS. EN NATUURLIK TOT GEEN VERBASING WAS ONS GRAPJAS, ZANDER VILJOEN, SO HAASTIG, DAT HY VERGEET HET OM SY DAS TE KNOOP VOOR DIE AFLOOP VAN DIE KOLLIGOOMBLIKKE OP DIE ROOI TAPYT. ONS SKOOL SE EIE STUNNER CLEOPATRA WAS AAN SY SY.

DIE AAND HET GLO 'N PAAR ONGELOOFLIKE DANSPASSIES OPGELEWER. DAAR WAS 'N MENGSEL VAN SOKKIE, HIP-HOP EN SELFS 'N BIETJIE VAN DIE "SLIDE TO THE RIGHT, SLIDE TO THE LEFT, CRISS CROSS". GERUGTE LOOP DAT DIE AAND EERS BEHOORLIK BEGIN HET TOE CJ VAN DER MERWE DIE DANSVLOER OORGENEEM HET MET SY 'GROOT' MOVES OP 'N BEKENDE 'FAST EN FURIOUS' LIEDJIE WAT ALMAL KLIPHARD AAN DIE LAG GEHAD HET. VENTER CLINGEN WAS GLO OOK NIE SKAAM OM SY DANSPASSIES UIT TE HAAL EN TE WYS NIE. EEN LEERDER BEVESTIG DAT HULLE HULLE KNIEKOPPE AFGEDANS HET. EN... JUFFROU JESTELE SE DANCE MOVES HET HAAR TERUGGEVAT NA HAAR EIE MATRIEKAFSKEID.

DIE TERUGVOER OP DIE KOS: PUIK! DIE HOOGTEPUNT WAS NATUURLIK DIE NAGEREG. EEN METGESEL HET GETERG DAT SY EINTLIK NET DAAR WAS VIR DIE KOS.

SOOS DIE JAARLIKSE TRADISIE IS 'N PAAR TITELS TOEGEKEN AAN DIE LEERDERS. 'N HELE PAAR STAAN UIT: MOST LIKE TO WIN AN AWARD AAN CHENELLE DIETRECHSEN, REGARDT VISSER IS THE BIGGEST HEARTBREAKER EN DYLAN MÖLLER SAL EENDAG NET SO LIEF VIR SY VROU WEES AS VIR SY PLAAS. DIE MATRIEKAFSKEID WAS 'N VIERING VAN VRIENDSKAPPE, HERINNERINGE EN DIE LEWENSREIS WAT VIR ELKEEN VAN ONS MATRIEKS VOORLÊ. BESLIS 'N AAND OM TE ONTHOU!




**Kaylin Möller**




MX-
AFSKEID
'24











# ONS ONVERGEETLIKE REVUE 2024 NA HARTELUS

SONNEVELD AKADEMIE SE REVUE VAN 2024, GETITELD NA HARTELUS, HET DIE SKOOL SE SAAL IN 'N MAGIESE PLEK VAN MUSIEK, DANS EN DRAMA OMSKEP. AS 'N TROTSE GRAAD 9-LEERDER WAT DEEL WAS VAN HIERDIE PRODUKSIE, IS EK ONGELOOFLIK DANKBAAR VIR DIE KANS OM HIERAAN DEEL TE NEEM. DIT WAS 'N ERVARING WAT EK NOOIT SAL VERGEET NIE!

ONS HET OOR DRIE DAE OPGETREE, ELKE DAG 'N UNIEKE EN BESONDERE ERVARING. DIE EERSTE VERTONING WAS WOENSDAGOGGEND, SPESIAAL VIR DIE OUMAS EN OUPAS VAN ONS SKOOL. DIE SAAL WAS GEVUL MET GLIMLAGTE EN OPGEWONDENHEID, EN DIT WAS WONDERLIK OM TE SIEN HOE HIERDIE SPESIALE GASTE DIE PRODUKSIE GENIET.

DONDERDAGAAND EN VRYDAGAAND HET DIE SAAL WEER GELEEF MET ENERGIE TOE ONS VOOR ONS OUERS, FAMILIE EN VRIENDE OPGETREE HET. DIE GEHOOR WAS ENTOESIASTIES EN HET ONS KUNSTENAARS AANGEVUUR MET HUL APPLOUS. DIT WAS ONGELOOFLIK OM DIE HARDE WERK VAN AL ONS DEELNEMERS UITEINDELIK OP DIE VERHOOG TE SIEN VRUGTE AFWERP.

NA HARTELUS HET ALMAL SE HARTE GERAAK. DIE VERHOOG WAS GEVUL MET KLEURVOLLE KOSTUUMS, KREATIEWE CHOREOGRAFIE, EN DIE ONGELOOFLIKE SAMEWERKING VAN LEERDERS VAN ALLE GRADE. ELKE DEELNEMER HET 'N SPESIALE ROL GESPEEL OM HIERDIE PRODUKSIE 'N SUKSES TE MAAK, VAN DIE AKTEURS EN SANGERS TOT DIE TEGNIESE SPAN EN CHOREOGRAWE.

DANKIE AAN ELKEEN WAT HIERDIE PRODUKSIE MOONTLIK GEMAAK HET – ONS ONDERWYSERS, OUERS, DIE ORGANISEERDERS, EN NATUURLIK ONS MEDELEERDERS. HIERDIE REVUE HET NIE NET ONS TALENTE TEN TOON GESTEL NIE, MAAR OOK GEWYS WAT ONS KAN BEREIK AS ONS SAAMWERK.

EK KAN MET SEKERHEID SÊ DAT NA HARTELUS 'N HOOGTEPUNT WAS VAN ONS 2024-KALENDER. DIT WAS MEER AS NET 'N PRODUKSIE, DIT WAS 'N VIERING VAN ONS KREATIWITEIT . DIT HET MY HART DIEP GERAAK, EN EK GLO DIT HET DIESELFDE GEDOEN VIR ELKE PERSOON WAT DIT BYGEWOON HET. SONNEVELD AKADEMIE, EK SIEN UIT NA DIE VOLGENDE EEN!



Timothy Weber

# Kersboodskap

Dis amper Kersfees! Dis dié tyd van die jaar wat ons die “goeie tyding van groot blydskap” kan vier. Mag Jesus ‘n plek hê in al ons feesvieringe, aan elke Kerstafel, in elke hart, in elke kop, in elke kombuis en langs elke braaivleisvuur. Mag dit vir elkeen ‘n heerlike Somerkersfees wees en mag die ware Lig met elkeen wees! Ons wens vir almal ‘n baie Geseënde Christusfees toe! Lekker rus!